2025




# MUNISIPALE-VULLISTERREIN-OUDITVERSLAG

AfriForum








*ALLE FOTO'S IN VERSLAG: PHILIP ROBINSON EN AFRIFORUM-TAKKE*

# ’n Woord van dank

Baie dankie aan AfriForum se personeel en al die AfriForum-lede van takke reg oor Suid-Afrika wat hierdie projek moontlik gemaak het. Julle deelname aan hierdie nasionale projek bewys dat julle die visie van volhoubare ontwikkeling en verantwoordelike vullisbestuur in Suid-Afrika met ons deel.

Hoewel hierdie projek die reuse-, onbenydenswaardige vullisbestuurstekortkominge in Suid-Afrika onder die vergrootglas plaas, moet elkeen van die munisipaliteite en privaat operateurs wat hulle werk onberispelik doen en daardeur verseker dat hulle vullisterreine AfriForum se oudit kon slaag, bedank word. Die verantwoordelike bestuur van afval en die nakoming van toepaslike wetgewing en lisensievoorwaardes verseker dat gemeenskappe en die omgewing teen besoedeling beskerm word. Hierdie munisipaliteite en privaat operateurs gee leiding en stel ’n voorbeeld vir goeie vullisbestuur, ten spyte van Suid-Afrika se uitdagende omstandighede.

Dankie aan die Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing (DBVO) (Engels: Department of Forestry, Fisheries and the Environment – DFFE) se afvalbestuursafdeling wat die projek ondersteun en hulle provinsiale taakspan aanmoedig om aan takoudits deel te neem.

**Hierdie dokument is ’n projek van AfriForum se #SkoonSA-inisiatief en is geloods deur AfriForum se omgewingsake-afdeling.**

# Inhoud

***'n Woord van dank*** ... ***3***
***Inleiding*** ... ***5***
***Wetgewende raamwerk*** ... ***6***
***Vullisterreine*** ... ***7***
Klassifikasie van vullis ... 7
***Die probleem*** ... ***8***
Gevare van vullisterreine ... 8
***Die projek*** ... ***9***
***Die vraelys*** ... ***10***
Ouditvereistes ... 10
Addisionele vrae ... 11
Puntetoekenning en slaagsyfer ... 11
***2025-ouditresultate*** ... ***13***
Nasionale oorsig ... 13
Aantal terreine geoudit ... 13
Voldoening aan die ouditslaagsyfer ... 14
Gemiddelde prestasie ... 17
Prestasie per provinsie ... 18
Gauteng ... 18
KwaZulu-Natal ... 19
Limpopo ... 20
Mpumalanga ... 21
Noord-Kaap ... 22
Noordwes ... 23
Oos-Kaap ... 24
Vrystaat ... 25
Wes-Kaap ... 26
Steekproefgrootte ... 27
Tendense ... 27
***Bespreking*** ... ***30***
***Volgende stappe*** ... ***33***
Onmiddellike aksieplan ... 33
Volhoubare oplossings ... 34
Samewerking ... 34
Gemeenskapselfstandigheid ... 35
***Samevatting*** ... ***36***
Bylaag A: Oudittellings van elke vullisterrein wat geoudit is ... 37
Gauteng ... 37
KwaZulu-Natal ... 39
Limpopo ... 40
Mpumalanga ... 41
Noord-Kaap ... 42
Noordwes ... 43
Oos-Kaap ... 44
Vrystaat ... 45
Wes-Kaap ... 47
Bylaag B: Voldoening en nie-voldoening aan ouditvereistes ... 50

# Inleiding

Die #SkoonSA-inisiatief is in Mei 2014 deur die burgerregteorganisasie AfriForum geloods, met die doelwit om 'n positiewe verandering in die bestuur van vullis in Suid-Afrika te bewerkstellig deur gemeenskappe toe te rus met oplossingsgedrewe benaderings.

AfriForum se jaarlikse vullisterreinouditprojek het uit hierdie inisiatief gespruit. Hierdie projek bepaal die mate waartoe vullisterreine in die munisipaliteite waarin AfriForum se 165 takke regoor die land gesetel is, aan 'n vereenvoudigde stel vereistes voldoen wat gebaseer is op vullisbestuurswetgewing en vullisterreine se lisensievoorwaardes – wat 'n maatstaf vorm vir verantwoordelike vullisbestuur. Hiervoor is vullisterreinoudits in die betrokke munisipaliteite uitgevoer om te bepaal of die ouditvereistes vir verantwoordelike afvalbestuur nagekom is. Elke vullisterrein se ouditresultate is ontleed en verwerk tot 'n punt uit 100 om die terrein se nakomingsprestasie uit te druk. Die resultate van hierdie oudits word in hierdie verslag vervat.

AfriForum neem jaarliks waar dat weinig munisipaliteite die ouditvereistes vir verantwoordelike afvalbestuur nakom en dat daar 'n gebrek is aan aanspreeklikheid vir behoorlike afvalbestuur, monitering en lisensiëring deur plaaslike owerhede. Faktore soos onvoldoende en onverantwoordelike vullisbestuurspraktyke, die verwaarlosing van infrastruktuur, korrupsie, gesondheids- en veiligheidskwessies, en 'n tekort aan vullisterreinkapasiteit (lugruimte) is van die vernaamste redes vir die swak prestasie. Dit dra uiteindelik by tot besoedeling van die omgewing, wat nie net 'n skending van die grondwetlike reg tot 'n skoon omgewing is nie, maar ook die ekologie en die gesondheid van gemeenskappe in gevaar stel.

Ten einde gemeenskappe en die omgewing te beskerm, beoog hierdie projek om Suid-Afrikaners met kennis oor die stand van vullisterreinbestuur toe te rus, betrokke amptenare tot verantwoording te roep en om samewerking tussen gemeenskappe en die drie regeringsfere te kweek, naamlik die Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing (DBVO) op nasionale vlak, die verskeie provinsiale departemente op provinsiale vlak, en munisipaliteite op plaaslike vlak. Laasgenoemde is vanuit die oogpunt van afvalbestuur die belangrikste, en ook die regeringsvlak wat die naaste aan gemeenskappe funksioneer.

Met hierdie projek speel AfriForum 'n leidende rol betreffende vullisbestuur in Suid-Afrika, omdat AfriForum die enigste organisasie is wat betroubare data oor die werklike stand van vullisbestuur in Suid-Afrika aan die publiek bekend maak.

*Informele herwinning en plakkershutte op die Bloemfontein-Suid munisipale vullisterrein in die Vrystaat.*





*'n Stukkende weegbrug, geplunderde infrastruktuur en gebrek aan toegangsbeheer by Hartswater se munisipale vullisterrein in die Noord-Kaap.*

# Wetgewende raamwerk

Afvalbestuur is volgens Suid-Afrika se Grondwet 'n diens wat deur plaaslike regerings gelewer moet word. Die regering word deur die Grondwet verplig om sekere regte – soos die reg tot 'n gesonde omgewing wat in artikel 24 van die Grondwet uiteengesit word – te handhaaf deur middel van staatsorgane wat vir die inwerkingstelling van afvalwetgewing verantwoordelik is. Die regering moet eenvormige maatreëls instel wat daarop gemik is om die hoeveelheid afval wat gegenereer word te verminder en te verseker dat afval – waar moontlik – hergebruik, hersirkuleer en op 'n omgewingsvriendelike wyse herwin word, of veilig behandel en vernietig word.

Die Suid-Afrikaanse afvalbestuurstrategie is gegrond op 'n reeks wette wat daarop gemik is om omgewingsbesoedeling te bestuur en te voorkom. Die toepaslike wette en gepaardgaande regulasies sluit onder andere die volgende in:

- Die Wet op Gevaarhoudende Stowwe 15 van 1973, wat die behandeling en vernietiging van gevaarlike stowwe reguleer;
- Die Wet op Omgewingsbewaring 73 van 1989, wat die beskerming en beheerde benutting van die omgewing ten doel stel:
    - Minimum vereistes vir afvalverwydering deur storting, 1998 (minimum vereistes), wat riglyne vir die klassifikasie, ligging, ontwerp, bedryf en bestuur van vullisterreine bied.
- Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur 107 van 1998, wat owerhede se besluitneming oor en bestuur van aktiwiteite wat 'n impak op die omgewing het reguleer;
- Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Afval 59 van 2008, wat afvalbestuur in Suid-Afrika reguleer:
    - Nasionale norme en standaarde vir afvoer van afval na stortingsterreine, 2013 (norme en standaarde), wat nasionale vereistes vir die storting van afval op vullisterreine stel.
    - Regulasies vir afvalklassifikasie en -bestuur, 2013, op grond waarvan verskillende soorte afval bestuur moet word afhangend van die gevaar wat dit vir die omgewing en mense se gesondheid inhou.

Kragtens artikel 9(1) van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Afval 59 van 2008 moet 'n munisipaliteit sy uitvoerende gesag aanwend om

afvalbestuursdienste, insluitende afvalverwydering en die berging en vernietiging van afval, op so 'n wyse te lewer dat dit nie in stryd met nasionale en/ of provinsiale standaarde is nie.

Verder vereis die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels 32 van 2000 dat afvalbestuursdienste op 'n finansieel verantwoordelike en omgewingsverantwoordelike wyse aan alle plaaslike gemeenskappe verskaf word om toeganklikheid van basiese dienste en volhoubare afvalbestuur te bevorder.

Hoewel daar min fout gevind word met die Suid-Afrikaanse wetgewing om afval na behore te bestuur, lyk dit egter nie of die toepaslike wetgewing toegepas of afgedwing word nie. Gevolglik kom die bestuur van huishoudelike afval in Suid-Afrika tans voor vele uitdagings te staan, waaronder wetstoepassing, bestuur (onder meer finansiële en personeelbestuur, asook die bestuur van toerusting) en institusionele gedrag (bestuur en beplanning).

# Vullisterreine

'n Vullisterrein is 'n plek waar vullis gestort word en daarna óf herwin word, óf gekompakteer, met bogrond bedek en gelaat word om te vergaan. Vullisterreine word ook afvalterreine, asgate, vullishope of vullingsterreine genoem. Hierdie terreine behoort op plekke geleë te wees waar afval bestuur kan word sonder om mense se gesondheid te benadeel of skade aan die omliggende omgewing te berokken. Daarom is dit onwettig om afval te stort op plekke wat nie deur die DBVO as vullisterreine geoormerk en gelisensieer is nie. Daar is wel gevalle in landelike gebiede met lae bevolkingsdigtheid waar sogenaamde gemeenskapshope gebruik mag word. Hierdie tipe terreine benodig nie 'n lisensie nie, maar moet gereeld deur die plaaslike owerheid besoek word om seker te maak dat dit nie negatiewe omgewings- of gesondheidsimpakte het nie.

'n Oorlaaistasie (Engels: "waste transfer facility") is 'n fasiliteit wat gebruik word om afval bymekaar te maak en tydelik te stoor voordat dit na 'n herwinnings-, behandelings- of afvalverwyderingsfasiliteit vervoer word.

## Klassifikasie van vullis

Hoewel die relevante wetgewing spesifieke vereistes vir die storting van verskillende tipes afval stel, soos byvoorbeeld dat sekere kategorieë van afval slegs by vullisterreine wat aan spesifieke standaarde voldoen gestort mag word, is dit vir doeleindes van hierdie verslag belangrik om breedweg te onderskei tussen twee kategorieë van vullis, naamlik algemene en gevaarlike afval.

*Die onwettige storting van ou bande is 'n algemene probleem op munisipale vullisterreine, soos hier te sien op Potchefstroom se Felophepa-vullisterrein in Noordwes.*



1. **Algemene vullis** (ook huishoudelike afval genoem) is vullis uit stedelike gebiede, hoofsaaklik afkomstig van huise, kantore en bouterreine. Dit sluit in bourommel, tuinvullis, huishoudelike vullis en ander afval uit dorpe en stede. Die insameling, vervoer en bestuur van vullis in stedelike gebiede is die plaaslike munisipaliteit se verantwoordelikheid. Die munisipaliteit moet 'n deel van die tariewe wat hulle van inwoners binne hulle munisipale jurisdiksie verhaal, aanwend om hierdie diens te lewer. Met ander woorde, as jy jou maandelikse munisipale rekening betaal, betaal jy reeds om jou vullis te laat verwyder. Algemene vullis word gestort by algemene vullisterreine wat aangedui word met (G) op amptelike dokumente wat ingevolge die minimum vereistes uitgereik is, of as Klas B op amptelike dokumente wat ingevolge die norme en standaarde uitgereik is.
2. **Gevaarlike vullis** is afval wat die omgewing kan besoedel en mense se gesondheid kan benadeel. Hierdie vullis kom van fabrieke, myne en hospitale, en sluit in giftige stowwe (toksiese vullis), kiemdraende vullis en vullis wat kan ontplof of maklik aan die brand kan raak. Gevaarlike vullis word geklassifiseer van 1 (baie gevaarlik) tot 10 (effens gevaarlik) en dit mag slegs by terreine gestort word wat geskik is om dit te hanteer. Voorbeelde van gevaarlike vullis sluit in mediese afval, dierekarkasse, rioolvuil of ou motorbande, en mag nie by 'n algemene vullisterrein gestort word nie.

Hierdie verslag fokus slegs op munisipale of privaat vullisterreine en oorlaaistasies vir algemene vullis. Omdat daar gereeld gevaarlike vullis op sekere algemene vullisterreine aangetref word, word voorvalle daarvan in hierdie verslag uitgewys. Dit moet egter onderskei word van sekere gevalle waar klein hoeveelhede gevaarlike vullis (veral mediese afval wat van huishoudings afkomstig is en wat in 'n munisipale asblik gegooi is) wettiglik op munisipale terreine gestort word.

# Die probleem

Terwyl Suid-Afrika se munisipaliteite al meer onbetroubaar word as verskaffers van vullisbestuursdienste, lei bevolkingsgroei, verstedeliking en 'n toename in besteebare inkomste tot hoër volumes afval wat druk plaas op munisipaliteite se vullisverwyderingsdienste en afvalbestuursinfrastruktuur, wat die 544 vullisterreine in die land insluit.

Volgens die DBVO se *State of Waste Report* (2022) genereer Suid-Afrika jaarliks nagenoeg 107,7 miljoen ton afval. Die DBVO voer aan dat sowat 65% van algemene vullis in Suid-Afrika opeindig by vullisterreine, hoewel industriekenners reken dat soveel as 90% van alle vullis op vullisterreine of onwettige stortingsterreine opeindig en dat net sowat 10% van alle afval in die land herwin word.

Data wat die DBVO in Maart 2025 aan die parlement voorgelê het oor die stand van Suid-Afrika se vullisterreine, dui aan dat daar uit die 154 terreine wat die departement in 2023/2024 besoek het, slegs 16% (25 terreine) was wat voldoen het aan die toepaslike wetlike voorvereistes, terwyl 24% (37 terreine) gedeeltelik voldoen het en 60% (92 terreine) nie daaraan voldoen het nie.

## Gevare van vullisterreine

Daar is 'n aantal risiko's en gevare vir mense wat naby vullisterreine woon of werk. Dit sluit die volgende in:

- Vullisterreine kan baie onveilig, lawaaierig, onwelriekend en visueel onaantreklik wees.
- Voertuie wat vullis op- of aflaai, kan veiligheidsrisiko's inhou.
- Selfontbranding en brande op vullisterreine kan die lug besoedel.
- Besoedeling op die terrein kan die omliggende natuurlike waterbronne en grond besoedel.
- Mense kan siek word indien hulle die besoedelde lug inasem, giftige water drink of kos eet wat in vergiftigde grond gekweek is.

- Mense kan siektes soos kanker of asma en ander long- en borskwale ontwikkel.
- Geboortedefekte kan voorkom en kinders wat naby vullisterreine grootword, kan swak en sieklik wees.
- Vullisterreine lok kiem- en siektedraende gediertes en insekte soos rotte, muise en vlieë, wat siektes kan oordra aan mense wat in direkte aanraking daarmee kom.

# Die projek

Betroubare data oor die toestand van Suid-Afrika se munisipale vullisterreine is nie geredelik aan die publiek beskikbaar nie, hoewel bykans alle gelisensieerde vullisterreine ingevolge hulle lisensievoorwaardes jaarliks 'n onafhanklike derde party of organisasie moet toelaat om die terrein te oudit. As gemeenskapswaghond is AfriForum ideaal geposisioneer hiervoor, omdat die organisasie se lede in gemeenskappe regoor die land inspeksies van hul plaaslike vullisterreine kan doen.

Op AfriForum se versoek het die DBVO se direkteur-generaal van afvalbestuur die kontakbesonderhede van die departement se provinsiale afvalbestuursbeamptes aan AfriForum beskikbaar gestel sodat hulle na die vullisterreinoudits uitgenooi kon word en sodat hulle ook na afloop van die projek die bevindings van die oudit met AfriForum kan bespreek. Munisipaliteite word vooraf skriftelik in kennis gestel en ook uitgenooi om AfriForum tydens inspeksies te vergesel.

'n Steekproef van munisipale vullisterreine is gedurende Februarie 2025 deur AfriForum-lede, vanuit die gemeenskappe waar AfriForum se 165 takke regoor die land gesetel is, besoek en geoudit. Deelnemers is vergesel deur AfriForum se provinsiale koördineerders en waar van toepassing, ander belanghebbendes soos munisipale amptenare en die media. Deelnemers is aangemoedig om foto's te neem as bewyse om die studie se geloofwaardigheid te verhoog.

In 2016 het privaat afvalbestuursmaatskappye AfriForum genader om die standaard van vullisterreine in die privaat sektor te beoordeel. Daarom het AfriForum sedert 2016 jaarliks hierdie privaat vullisterreine ook by die vullisterreinouditprojek ingesluit om die resultate met dié van die staat te vergelyk.



# Die vraelys

## Ouditvereistes

Om 'n aanduiding te kry of 'n vullisterrein aan die toepaslike wetlike vereistes ten opsigte van afvalbestuur voldoen, is 'n ouditvraelys primêr aan die hand van die minimum vereistes opgestel. Die ouditvraelys bestaan uit 33 vrae en dek die belangrikste aspekte van goeie afvalbestuur waaraan 'n vullisterrein (en waar van toepassing 'n oorlaaistasie) moet voldoen. 'n Voorbeeld van die ouditvraelys volg hieronder.


Voorheen is die wetlik afdwingbare vereistes waaraan 'n vullisterrein kragtens die Wet op Omgewingsbewaring 73 van 1989 moes voldoen, deur die uitreiking van stortingsterreinpermitte opgelê. Die inwerkingtrede van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Afval 59 van 2008 en daaropvolgende regulasies het egter die wetgewende raamwerk vir die afvoer van afval na stortingsterreine beduidend verander. Stortingsterreinpermitte is deur afvalbestuurslisensies vervang; terwyl die Regulasies vir afvalklassifikasie en -bestuur in 2023 in werking gestel is om vereistes vir die afvoer van afval na stortingsterreine voor te skryf. Voorts bepaal die regulasies uitdruklik dat afvalbestuurders wat afval na stortingsterreine afvoer, dit slegs in ooreenstemming met die norme en standaarde moet doen.

Gegewe die inwerkingtrede van die norme en standaarde, is die geldigheid van die gebruik van die minimum vereistes as maatstaf vir die oudit in 2023 bevraagteken. Gevolglik het AfriForum 'n deskundige in vullisbestuur verbonde aan die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad (WNNR), prof. Suzan Oelofse, versoek om 'n kritiese hersiening van die minimum vereistes te doen. Die doel van hierdie studie was om te bepaal watter van die vereistes wat in die minimum standaarde vervat is, ook in die norme en standaarde ingesluit is, en of daar ander vereistes is wat uit die norme en standaarde uitgelaat is, maar ten spyte van hul weglating steeds as goeie maatstaf dien.

Prof. Oelofse is van mening dat die minimum vereistes steeds as 'n goeie maatstaf dien, aangesien AfriForum se vullisterreinoudit nie ten doel het om 'n omvattende oudit van alle toepaslike wetlike vereistes en lisensievoorwaardes te wees nie, maar eerder om 'n aanduiding van die toestand van afvalbestuur by vullisterreine te gee, ongeag die wetlike bron van die ouditvereistes. Vir hierdie doel is die minimum vereistes gepas, omdat dit basiese riglyne uiteensit vir hoe stortingsterreine ontwerp, gebou en bestuur moet word om skadelike besoedeling te voorkom. Wanneer hierdie riglyne vir die veilige hantering van vullis gevolg word, help dit om ons water, grond en lug teen besoedeling te beskerm.

'n Verdere motivering vir die gebruik van die minimum vereistes as maatstaf vir die oudit, is die feit dat elke vullisterrein 'n unieke permit of lisensie het met vereistes wat van die minimum vereistes en/of norme en standaarde kan afwyk, wat ook al toepaslik is. So kan gevaarlike vullis wat normaalweg nie by 'n betrokke vullisterrein hanteer mag word nie, in sekere gevalle wel toegelaat word ingevolge die spesifieke vullisterrein se lisensievoorwaardes. Baie vullisterreine is egter steeds ongelisensieer, wat hierdie terreine in 'n wetlike grys area gestrand gelaat het.

Boonop word vullisterreine in drie groottes ingedeel – elk met sy eie vereistes. Die algemene reël is: Hoe groter die terrein, hoe strenger die vereistes. Hoewel hierdie klassifikasie kragtens die minimum vereistes deur die inwerkingtrede van die norme en standaarde vervang is, is die gebruik daarvan vir doeleindes van die oudit geregverdig, omdat die meeste, indien nie al die terreine wat ondersoek is, voor die inwerkingtreding van die norme en standaarde gevestig is. Daarom is die vraelys wat AfriForum opgestel het van toepassing op enige algemene (G-tipe-) vullisterrein. Die klassifikasiestelsel werk soos volg:



Die minimum vereistes bly dus die mees geskikte maatstaf vir AfriForum se doeleindes om 'n aanduiding te kry of 'n vullisterrein aan die toepaslike maatreëls ten opsigte van verantwoordelike afvalbestuur voldoen. Derhalwe is AfriForum se ouditvraelys steeds primêr op die minimum vereistes geskoei.

Van die eenvoudige maatreëls wat in plek moet wees om 'n vullisterrein verantwoordelik te bestuur en waarop die ouditvereistes fokus, sluit die volgende in:

- Inligting soos die vullisterrein se permit- of lisensienommer, besigheidsure en stortingstariewe moet duidelik by die ingang vertoon word.
- Toegangsbeheer moet toegepas word.
- Inspeksie van vragte moet plaasvind sodat slegs gemagtigde vullis gestort word.
- Daar moet 'n werkende weegbrug wees.
- Rekord moet gehou word van die massa en tipe vullis wat gestort word.
- Stortingstariewe moet ingevorder word.
- Paaie moet begaanbaar wees.
- Stormwater moet rondom operasionele areas herlei word.
- 'n Terreinbestuurder om bestuursplanne uit te voer en personeel met die nodige bevoegdheid om masjinerie te bestuur moet teenwoordig wees.
- Daar moet werkende masjinerie op die terrein wees waarmee vullis daagliks gekompakteer kan word en met grond bedek kan word.
- Slegs geregistreerde informele herwinners met beskermende kleredrag mag op die terrein werksaam wees, binne 'n afgebakende gebied buite die operasionele area van die vullisterrein.

## Addisionele vrae

Namate die projek oor die jare gegroei het, het AfriForum met organisasies soos die WNNR en die Institute of Waste Management of Southern Africa (IWMSA) in gesprek getree om te bepaal wat die industrie se behoeftes is en waarop die oudit moet fokus. Sodoende word daar byvoorbeeld, sover moontlik, ook die volgende data ingesamel:

- *Hoeveel informele herwinners is op die terrein? (0; 1 tot 50; 50 tot 100; 100 tot 200; 200 of meer)*
- *Wat is die ontwerpte kapasiteit van die terrein (in $m^3$)?*
- *Hoeveel van die ontwerpte kapasiteit is tot op hede gebruik?*
- *Wat is die oorblywende lewensduur van die terrein voor sluiting (in jare)?*
- *Wat is die tempo van afsetting by die terrein (ton per dag)?*
- *Wanneer laas is 'n opname van die terrein gemaak om die oorblywende kapasiteit te bepaal?*

Terreinliggings word nie altyd duidelik op permitte en lisensies uiteengesit nie, daarom versoek die vraelys dat koördinate van 'n terrein se ligging ook aangedui word.

## Puntetoekenning en slaagsyfer

33 vrae, wat saam 25 punte tel, moes oor die toestand van die vullisterrein beantwoord word om vas te stel of die vullisterrein aan die ouditvereistes voldoen.

'n Finale punt is bereken deur een punt toe te ken vir elke kategorie wat aan die minimum vereistes voldoen het. Die finale punt is met vier vermenigvuldig om 'n nakomingspunt uit 100 te verkry.

Om die oudit te slaag, moet 'n vullisterrein aan ten minste 80% van die ouditvereistes voldoen.

Voorbeeld:

15 van die 33 vrae (met 'n somtotaal van 25 punte) voldoen aan die ouditvereistes. (L.W.: Sekere punte dra meer gewig as ander weens die belangrikheid van die spesifieke vereistes.)

Dus:

15 x 4 = 60%

'n Aksieplan vir munisipaliteite wat 'n telling van minder as 80% ontvang het, volg later in hierdie verslag en word met sodanige munisipaliteite gedeel.

'n Gemiddelde ouditnakomingspunt is bereken vir elke provinsie waar vullisterreine vir die tydperk 2021 tot 2025 geoudit is. Die nakomingspunte wat aan elke individuele terrein in 'n spesifieke provinsie toegeken is, word bymekaargetel, waarna die totaal dan deur die getal terreine in daardie provinsie gedeel word.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat afvalbestuur van 2024 tot 2025 by vullisterreine in die volgende voorbeeld met vier persentasiepunte verbeter het.

Voorbeeld:

In KwaZulu-Natal is tien vullisterreine in beide 2024 en 2025 geoudit. Dus:

60 + 72 + 30 + 30 + 22 + 16 + 28 + 98 + 34 + 32 = 422; dus 422/10 = 42% gemiddeld in 2024

98 + 72 + 14 + 66 + 22 + 30 + 32 + 88 + 28 + 10 = 460; dus 460/10 = 46% gemiddeld in 2025

**Voorbeeld van vraelys:**

Die vraelys is in vyf **hoof-** en **subkategorieë** verdeel.

Merk die ouditkoms met x in toepaslike blok. Gebruik eie diskresie, met minimum vereiste as uitkomste.

Gewig wat vraag dra

Vermenigvuldig ouditkoms met vraag se gewig om nakomingspunt te bereken.

| Minimum vereiste | Voldoen ten volle 1 | Voldoen gedeeltelik ½ | Voldoen glad nie 0 | Opmerkings | Gewig | Punt |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **1. Toegang en beheer** | | | | | | |
| 1.1. Tekens | | | | | | |
| a) Tekens in die toepaslike amptelike tale moet in die nabyheid van die vullisterrein opgerig word wat die roete daarheen vanaf die naaste hoofpaaie aandui. | x | | | | ½ | 0,5 |
| b) Is daar 'n kennisgewing op die hek wat aandui watter tipe afval daar gestort mag word, asook die terrein se werksure? | | x | | | ½ | 0,25 |
| 1.2. Padtoegang | | | | | | |
| a) Word alle paaie na en binne die terrein onderhou? | | | x | Paaie onbegaanbaar as gevolg van modder tydens besoek | 1 | 0 |

Opmerkings is belangrik vir bewyse, notas en addisionele inligting vir besprekings met owerhede na afloop van die oudit.

Die somtotaal van die vraelys se punte is 25. Dit word met vier vermenigvuldig om die finale nakomingspersentasie (%) te bereken.

# 2025-ouditresultate


Hierdie verslag sit die ouditresultate van **2025** uiteen. Ter wille van vergelyking word 2021 tot 2024 se uitslae ook ingesluit. Die ouditresultate van 2014 tot 2020 word nie in hierdie verslag ingesluit nie, maar kan op versoek verskaf word. Die vraelys is in 2017 hersien en opgedateer, en verskil dus van die vraelys wat in die tydperk 2014 tot 2016 gebruik is. Let wel: Data in hierdie verslag is afgerond en persentasies sal nie noodwendig optel tot 100 nie.

'n Oorsig van die resultate word hieronder beskryf, terwyl die volledige nakomingspunte van elke vullisterrein wat geoudit is per provinsie uiteengesit word in **Bylaag A**, en in **Bylaag B** gekonsolideer word om die aantal vullisterreine wat die oudit geslaag het (80% van die ouditvereistes nagekom) al dan nie, aan te dui.


## Nasionale oorsig

### *Aantal terreine geoudit*

- Daar word elke jaar gepoog om die projek uit te brei. In 2025 is 'n totaal van 169 vullisterreine geoudit, agt minder as in 2024 vanweë operasionele beperkings. Uit die 169 was 166 munisipale vullisterreine en drie privaat vullisterreine.
- Bykomend tot die 169 terreine waar oudits uitgevoer is, kon oudits by sekere terreine nie voltooi word nie, omdat:
  - die terrein deur die betrokke owerheid gesluit is (sewe terreine);
  - die terrein reeds gerehabiliteer is (drie terreine); of
  - die terrein te gevaarlik vir die publiek is om te besoek (een terrein).





*Figuur 1: Aantal vullisterreine geoudit gedurende tydperk 2021–2025*




*Figuur 2: Aantal vullisterreine geoudit per provinsie in 2025*


### *Voldoening aan die ouditslaagsyfer*

- 38 van die 169 vullisterreine wat in 2025 geoudit is (22%) het aan die ouditslaagsyfer van 80% of meer van die ouditvereistes voldoen.
- 131 van die 169 vullisterreine wat in 2025 geoudit is (78%) het nie die oudit geslaag nie.
- Die provinsie waar die meerderheid vullisterreine die oudit geslaag het, is Gauteng, waar vyf van die nege terreine (56%) aan 80% of meer van die ouditvereistes voldoen het. Die Wes-Kaap beklee die tweede plek, met 19 van 37 terreine (51%) wat aan die ouditslaagsyfer voldoen het. Dit is die enigste twee provinsies waar die meerderheid van terreine die oudit geslaag het.




*Figuur 3: Persentasie vullisterreine, per provinsie, wat die oudit geslaag het (2025)*

- Van die 38 terreine wat die oudit geslaag het, is:
    - 19 in die Wes-Kaap;
    - vyf in Gauteng;
    - drie elk in Noordwes en die Oos-Kaap;
    - twee elk in KwaZulu-Natal, Mpumalanga en die Noord-Kaap; en
    - een elk in Limpopo en die Vrystaat.
- Meer as 90% van vullisterreine in die Vrystaat, Limpopo, die Noord-Kaap en Mpumalanga het nie die oudit geslaag nie. Die aantal terreine in elk van hierdie provinsies wat nie aan die ouditslaagsyfer kon voldoen nie, is as volg:
    - 21 van die 22 terreine (95%) in die Vrystaat wat geoudit is
    - 13 van die 14 terreine (93%) in Limpopo wat geoudit is
    - 23 van die 25 terreine (92%) in die Noord-Kaap wat geoudit is
    - 21 van die 23 terreine (91%) in Mpumalanga wat geoudit is




*Figuur 4: Persentasie vullisterreine, per provinsie, wat nie die oudit geslaag het nie (2025)*


*Tabel 1: Vullisterreine wat die oudit in 2025 geslaag het*

| VULLISTERREINE WAT IN 2025 AAN 80% OF MEER VAN DIE OUDITVEREISTES VOLDOEN HET | | | |
|---|---|---|---|
| **Provinsie** | **Munisipaliteit/verantwoordelike instelling** | **Naam van vullisterrein** | **Punt** |
| Gauteng | Ekurhuleni-metro | Alberton – Platkop | 100 |
| | | Boksburg – Rooikraal | 98 |
| | | Springs – Rietfontein | 96 |
| | The Waste Group | Bon Accord | 96 |
| | | Mooiplaats | 100 |
| KwaZulu-Natal | eThekwini-metro | Amanzimtoti (eManzimtoti) – Seadoone-oorlaaistasie | 98 |
| | uMhlathuze PM | Richardsbaai – Empangeni | 88 |
| Limpopo | Greater Tzaneen PM | Tzaneen | 82 |
| Mpumalanga | Mbombela PM | Witrivier-oorlaaistasie | 86 |
| | Steve Tshwete PM | Hendrina-oorlaaistasie | 88 |
| Noord-Kaap | Orania Dorpsraad | Orania | 82 |
| | Phokwane PM | Jan Kempdorp | 96 |
| Noordwes | Madibeng PM | Brits – Hartbeesfontein | 88 |
| | Rustenburg PM | Rustenburg – Waterval | 96 |
| | Sibanye-Stillwater (Interwaste) | Mooinooi | 98 |
| Oos-Kaap | Buffalo City-metro | Oos-Londen – Roundhill | 100 |
| | Inxuba Yethemba PM | Cradock (Nxuba) | 86 |
| | Kouga PM | Humansdorp | 80 |
| Vrystaat | Metsimaholo PM | Sasolburg – Vaalpark-oorlaaistasie | 86 |
| Wes-Kaap | Breedevallei PM | Worcester | 86 |
| | Drakenstein PM | Paarl-oorlaaistasie | 100 |
| | | Wellington | 90 |
| | George PM | George – Gwaing | 84 |
| | Hessekwa PM | Albertinia | 82 |
| | | Slangrivier | 80 |
| | Kaap Agulhas PM | Bredasdorp | 82 |
| | Kaapstad-metro | Gordonsbaai-oorlaaistasie | 100 |
| | Langeberg PM | Montagu – Bessieskop 4 | 84 |
| | Mosselbaai PM | Mosselbaai – Groot Brak | 86 |
| | | Mosselbaai – Sonskynvallei-oorlaaistasie | 80 |
| | Overstrand PM | Gansbaai | 100 |
| | | Hermanus | 100 |
| | | Kleinmond-oorlaaistasie | 98 |
| | Saldanhabaai PM | Langebaan-oorlaaistasie | 100 |
| | | Vredenburg | 100 |
| | Stellenbosch PM | Stellenbosch | 100 |
| | Swartland PM | Malmesbury – Highlands | 100 |
| | Swellendam PM | Swellendam | 88 |

| **Sleutel** |
|---|
| Privaat vullisterrein |
| Oorlaaistasie |

### ***Gemiddelde prestasie***


- Die nasionale gemiddelde nakomingspunt in 2025 is 42%.
- Die provinsie wat in 2025 die hoogste gemiddelde nakomingspunt behaal het, is Gauteng (84%), gevolg deur die Wes-Kaap (66%).
- Die provinsie wat in 2025 die laagste gemiddelde nakomingspunt behaal het, is die Noord-Kaap (13%), gevolg deur die Vrystaat (18%).





*Figuur 5: Gemiddelde provinsiale ouditnakomingspunt: 2025 (%)*



## Prestasie per provinsie: Gauteng





*Figuur 6: Gemiddelde provinsiale nakomingspunt: Gauteng*





*Figuur 7: Voldoening- teenoor nie-voldoeningpersentasie van vullisterreine: Gauteng*

## KwaZulu-Natal





*Figuur 8: Gemiddelde provinsiale nakomingspunt: KwaZulu-Natal*





*Figuur 9: Voldoening- teenoor nie-voldoeningpersentasie van vullisterreine: KwaZulu-Natal*

## Limpopo





*Figuur 10: Gemiddelde provinsiale nakomingspunt: Limpopo*





*Figuur 11: Voldoening- teenoor nie-voldoeningpersentasie van vullisterreine: Limpopo*

## Mpumalanga





*Figuur 12: Gemiddelde provinsiale nakomingspunt: Mpumalanga*





*Figuur 13: Voldoening- teenoor nie-voldoeningpersentasie van vullisterreine: Mpumalanga*

## Noord-Kaap





*Figuur 14: Gemiddelde provinsiale nakomingspunt: Noord-Kaap*





*Figuur 15: Voldoening- teenoor nie-voldoeningpersentasie van vullisterreine: Noord-Kaap*

## Noordwes





*Figuur 16: Gemiddelde provinsiale nakomingspunt: Noordwes*





*Figuur 17: Voldoening- teenoor nie-voldoeningpersentasie van vullisterreine: Noordwes*

## Oos-Kaap





*Figuur 18: Gemiddelde provinsiale nakomingspunt: Oos-Kaap*




*Figuur 19: Voldoening- teenoor nie-voldoeningpersentasie van vullisterreine: Oos-Kaap*

## Vrystaat





*Figuur 20: Gemiddelde provinsiale nakomingspunt: Vrystaat*





*Figuur 21: Voldoening- teenoor nie-voldoeningpersentasie van vullisterreine: Vrystaat*

## Wes-Kaap




*Figuur 22: Gemiddelde provinsiale nakomingspunt: Wes-Kaap*





*Figuur 23: Voldoening- teenoor nie-voldoeningpersentasie van vullisterreine: Wes-Kaap*

## Steekproefgrootte

- AfriForum se vullisterreinoudit se steekproefproporsie van 169 (of 31%) van die land se 544 vullisterreine is groot genoeg om akkurate afleidings oor die stand van die land se vullisterreine te maak.
- Op grond van AfriForum se steekproef (waarvan 22% van vullisterreine die oudit geslaag het) is ons 95% seker dat, indien AfriForum oudits van elk van die land se 544 vullisterreine gedoen het, tussen 17% en 27% van hierdie terreine die oudit sou slaag.


## Tendense

- Met 22% van vullisterreine wat in 2025 aan die ouditslaagsyfer van 80% of meer van die ouditvereistes voldoen het, is dit die hoogste proporsie van vullisterreine wat in die afgelope vyf jaar die oudit geslaag het (onderskeidelik 18%, 19%, 18% en 16% in elk van die jare 2021–2024).
- Eweneens is die nasionale gemiddelde nakomingspunt van 42% die hoogste die afgelope vyf jaar. Die laagste nasionale gemiddelde nakomingspunt gedurende hierdie tydperk was 38%, wat in 2021 behaal is.




*Figuur 24: Voldoening- teenoor nie-voldoeningpersentasie van vullisterreine: Nasionaal (2025)*






*Figuur 25: Gemiddelde nasionale ouditnakomingspunt: 2021–2025 (%)*

- Gemeet aan *1.* voldoening aan die ouditslaagsyfer en *2.* die gemiddelde nakomingspunt, was daar vanaf 2024 tot 2025 verbeterings in die volgende provinsies:
  - Gauteng:
    - Voldoening aan ouditslaagsyfer verbeter van 47% tot 56%.
    - Gemiddelde nakomingspunt verbeter van 78% tot 84%.
  - KwaZulu-Natal:
    - Voldoening aan ouditslaagsyfer verbeter van 10% tot 20%.
    - Gemiddelde nakomingspunt verbeter van 42% tot 46%.
  - Mpumalanga:
    - Voldoening aan ouditslaagsyfer verbeter van 5% tot 9%.
    - Gemiddelde nakomingspunt verbeter van 36% tot 40%.
  - Oos-Kaap:
    - Voldoening aan ouditslaagsyfer verbeter van 20% tot 38%.
    - Gemiddelde nakomingspunt verbeter van 46% tot 61%.
  - Vrystaat:
    - Voldoening aan ouditslaagsyfer verbeter van 0 tot 5%.
    - Gemiddelde nakomingspunt verbeter van 14% tot 18%.
  - Wes-Kaap:
    - Voldoening aan ouditslaagsyfer verbeter van 35% tot 51%.
    - Gemiddelde nakomingspunt verbeter van 60% tot 66%.
- Ondanks die Vrystaat se vyf persentasiepunt verbetering van die voldoening aan die ouditslaagsyfer, word dit toegeskryf aan slegs een vullisterrein wat die oudit in 2025 geslaag het (Sasolburg – Vaalpark-oorlaaistasie), uit 'n totaal van 22 terreine wat geoudit is, terwyl geen terreine in die provinsie die oudit in 2024 geslaag het nie. Dit maak die Vrystaat nogtans die provinsie met die laagste proporsie terreine wat die oudit in 2025 geslaag het. Die gemiddelde nakomingspunt van 18% is naas die Noord-Kaap (13%) die swakste gemiddelde prestasie.

- Soortgelyk het die Noord-Kaap se voldoening aan die ouditslaagsyfer verbeter van 0 tot 8%, te danke aan twee vullisterreine wat die oudit geslaag het (Orania en Jan Kempdorp), uit 'n totaal van 25 terreine wat geoudit is, terwyl geen terreine in die provinsie die oudit in 2024 geslaag het nie. Dit maak die Noord-Kaap die provinsie met die derde laagste proporsie terreine wat die oudit geslaag het. Die gemiddelde nakomingspunt het onveranderd gebly op 13% – die swakste gemiddelde prestasie van enige provinsie.

- Limpopo se voldoening aan die ouditslaagsyfer bly onveranderd op 7% en dié provinsie beklee naas die Vrystaat die tweede swakste posisie aan die hand van hierdie maatstaf. Die Tzaneen- munisipale vullisterrein is die enigste terrein in hierdie provinsie wat die oudit kon slaag, uit 'n totaal van 14 terreine wat geoudit is. Die gemiddelde nakomingspunt het 'n geringe verbetering van 40% tot 41% getoon.

- Hoewel Noordwes se gemiddelde nakomingspunt ietwat verbeter het van 30% tot 36%, het die provinsie se voldoening aan die ouditslaagsyfer gedaal van 17% tot 14%.

- Die provinsies se prestasie aan die hand van die bogenoemde twee maatstawwe word in die tabel hieronder opgesom:

*Tabel 2: Ranglys van provinsies se prestasie in 2025*

| **Persentasie vullisterreine met 80% of meer voldoening** | | | **Gemiddelde nakomingspunt (%)** | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Rang | Provinsie | Punt (%) | Rang | Provinsie | Punt (%) |
| 1 | Gauteng | 56 | 1 | Gauteng | 84 |
| 2 | Wes-Kaap | 51 | 2 | Wes-Kaap | 66 |
| 3 | Oos-Kaap | 38 | 3 | Oos-Kaap | 61 |
| 4 | KwaZulu-Natal | 20 | 4 | KwaZulu-Natal | 46 |
| 5 | Noordwes | 14 | 5 | Limpopo | 41 |
| 6 | Mpumalanga | 9 | 6 | Mpumalanga | 40 |
| 7 | Noord-Kaap | 8 | 7 | Noordwes | 36 |
| 8 | Limpopo | 7 | 8 | Vrystaat | 18 |
| 9 | Vrystaat | 5 | 9 | Noord-Kaap | 13 |



*'n Nuwe vullisterrein-sel wat met 'n membraan gevoer word om te verhoed dat besmette loogwater uit die vullisterrein die grond en grondwater sal besoedel, onder konstruksie by die Felophepa munisipale vullisterrein in Potchefstroom, Noordwes.*




*'n Werkende weegbrug en toegangsbeheer by die Malmesbury Highlands munisipale vullisterrein in die Wes-Kaap – een van 'n handjievol terreine wat met 'n 100%-nakomingspunt in 2025 kan spog.*

# Bespreking

AfriForum se vullisterreinoudit het ten doel om te bepaal of munisipale vullisterreine die minimum vereistes vir verantwoordelike afvalbestuur nakom. Daar word slegs na die kernaspekte van 'n vullisterrein se ontwerp en bestuur gekyk wat daarop gemik is om skadelike besoedeling en gevare vir die publiek se veiligheid en gesondheid te beperk. Vullisterreine se voldoening aan 80% of meer van die ouditvereistes is daarom nie veronderstel om 'n onbereikbare doelwit te wees nie, maar dien eerder as 'n ononderhandelbare standaard wat nagekom moet word.

Wanneer die 2025-ouditresultate aan die hand van hierdie uitgangspunt beskou word, is die enigste duidelike gevolgtrekking wat gemaak kan word diep kommerwekkend: Gauteng en die Wes-Kaap is die enigste twee provinsies waar die meerderheid van vullisterreine die oudit geslaag het. Boonop is Gauteng die enigste provinsie waar die gemiddelde nakomingspunt hoër as die ouditslaagsyfer van 80% is.

Daar is nie 'n duidelike "wenner" vir die swakste presterende provinsie nie. KwaZulu-Natal, Limpopo, Mpumalanga, Noordwes, die Noord-Kaap en die Vrystaat is gesamentlik sterk aanspraakmakers op hierdie titel. Hoewel die Oos-Kaap, wat die derde plek op die ranglys beklee, goeie verbetering getoon het en heelwat beter presteer het as die gesamentlike swakste presteerders, verdien die uitslag steeds nie veel lof nie.

Die 2025-ouditresultate word opgesom in die uitslag dat slegs 22% van vullisterreine wat in 2025 geoudit is die slaagsyfer van 80% kon behaal. Die mees algemene tekortkomings wat tydens die oudits waargeneem is en wat aanleiding gee tot vullisterreine se algemene swak prestasie, sluit die volgende in:

- Inligting soos die vullisterrein se permit of lisensie is nie geredelik aan die publiek beskikbaar nie.

- Daar is ’n algehele gebrek aan toegangsbeheer, veiligheid en sekuriteit.
- Geen inspeksie van vragte word gedoen nie.
- Ontoelaatbare tipes vullis word gestort.
- Stortingstariewe word nie ingevorder nie.
- Kritieke infrastruktuur, soos weegbrûe, is buite werking.
- Paaie word nie in stand gehou nie.
- Masjinerie om vullis te hanteer is afwesig of buite werking.
- Vullis word nie gekompakteer en met grond bedek nie.
- Brande kom op vullisterreine voor.
- Personeel is afwesig.
- Informele herwinners is op die meeste vullisterreine woonagtig, werksaam binne operasionele areas van die vullisterrein, dra nie beskermende klere nie en is ook nie deur die munisipaliteit geregistreer nie.

’n Waarneming wat spruit uit die ervaring van die projek se deelnemers, maar wat nie direk in die 2025-ouditresultate weerspieël word nie, is die feit dat deelnemers gesukkel het om die addisionele vrae rakende vullisterreine se ontwerpte kapasiteit, tempo van afsetting, oorblywende lugspasie en die bedrywighede van informele herwinners wat op terreine teenwoordig is volledig te beantwoord. Dit is omdat die meeste munisipale vullisterreine geen rekords hou van die volume en tipe vullis wat daar gestort word nie en munisipale amptenare was óf nie teenwoordig om vrae te beantwoord nie, óf was nie in staat om die nodige inligting te verskaf nie. Die gebrek aan hierdie inligting is ’n verdere bewys dat munisipale vullisterreine nie doeltreffend bestuur word nie.

’n Soortgelyke waarneming wat ook nie direk uit die 2025-ouditresultate blyk nie, is dat verskeie deelnemers toegang tot sekere munisipale vullisterreine geweier is deur die betrokke munisipaliteite, ten spyte daarvan dat die DBVO se direkteur-generaal vir vullisbestuur in ’n gees van samewerking haar ondersteuning vir AfriForum se vullisterreinouditprojek bevestig het. Die munisipaliteite wat AfriForum toegang geweier het,

*Inligting soos die permitnommer, besigheidsure en stortingstariewe word duidelik vertoon by die ingang na die Hartbeesfontein munisipale vullisterrein in Brits, Noordwes – een van slegs drie uit 21 vullisterreine in hierdie provinsie wat die oudit in 2025 geslaag het.*



het aangevoer dat hulle reeds alle wetlik vereiste oudits uitvoer in terme waaraan die voldoening aan hul lisensievoorwaardes getoets word en dat daar dus geen rede is om aan AfriForum se oudit deel te neem nie. In teenstelling met die beweerde voldoening aan wetlike bepalings waaragter hierdie munisipaliteite skuil, wek hierdie gebrek aan deursigtigheid en die afwysing van 'n uitnodiging vir samewerking juis agterdog of hierdie munisipaliteite hul gemeenskappe se belange op die hart dra.

AfriForum se bevindings dui op groot operasionele gebreke binne munisipaliteite rakende die stelsels en personeel wat vir behoorlike afvalbestuur verantwoordelik is. Die gevolge van onvoldoende vullisterreinbestuur sluit die volgende in:

- Besoedeling van die omgewing:

  Gekontamineerde loog wat nie behoorlik bestuur word nie, kan die grond, grondwater en oppervlakwater besoedel. Die rook van ongekontroleerde brande en die vrystelling van metaangas kan die lug besoedel.

- Openbare gesondheidsrisiko's:

  Die publiek kan blootgestel word aan giftige stowwe indien gevaarlike afval nie behoorlik hanteer word nie. Vullis wat nie behoorlik bestuur word nie skep 'n teelaarde vir vlieë en rotte wat siektes kan oordra.

- Verlies aan vertroue:

  Die publiek verloor vertroue in munisipaliteite se vermoëns, wat aanleiding gee tot onwettige storting.

'n Verdere gevolg van onvoldoende vullisterreinbestuur is dat baie munisipaliteite feitlik nie meer beheer oor vullisterreine uitoefen nie en dat daar basies wetteloosheid op hierdie terreine heers. Al dra munisipaliteite steeds die wetlike aanspreeklikheid vir terreine, word die leemte wat deur munisipaliteite se gebrekkige bestuur gelaat word, in praktyk deur informele herwinners gevul.

Hoewel AfriForum te kenne gee dat informele herwinning 'n rol speel in Suid-Afrika se breë vullisbestuurstelsel, moet dit steeds binne die raamwerk van die wet geskied. Só moet munisipaliteite byvoorbeeld ingevolge 'n riglyn wat die DBVO in 2020 uitgereik het, toesien dat informele herwinning gekontroleerd plaasvind. Vanweë die groot gesondheids- en veiligheidsrisiko's wat 'n operasionele vullisterrein vir informele herwinners self inhou, bepaal die riglyne onder andere dat:

- informele herwinners geregistreer moet word voordat hulle toegelaat mag word om op 'n vullisterrein te werk;
- informele herwinners werksplekveiligheidsopleiding moet ontvang en uitgerus moet word met beskermende kleredrag;
- informele herwinners slegs werksaam mag wees in 'n afgebakende sorteringsarea – nie op die operasionele area van die vullisterrein nie; en
- informele herwinners se bedrywighede moet voldoen aan toepaslike vullisbestuurswetgewing.

In die meerderheid van gevalle (met die uitsondering van privaat vullisterreine) blyk dit egter nie die geval te wees nie.





*AfriForum se Centurion-tak het 'n sorteringsfasiliteit waar herwinning gedoen word.*

# Volgende stappe

## Onmiddellike aksieplan

Gegewe die 2025-ouditresultate, het AfriForum 'n aksieplan wat onmiddellik in werking gestel word om nakoming van die ouditvereistes en uiteindelik vullisterreinbestuur te bevorder:

1. Die bekendmaking van AfriForum se vullisterreinouditresultate vorm deel van sy rol as burgerregtewaghond en dit verhoog die deursigtigheid van die munisipaliteit se vullisdienste. Daardeur word die publiek bewapen met kennis van die toestand van plaaslike vullisbestuur, wat hulle toerus vir deelname aan demokratiese prosesse.

2. Die jaarlikse vullisterreinoudit is die voortsetting van 'n omvattende prestasierekord of papierspoor ten opsigte van elke vullisterrein wat geoudit word.

3. Na afloop van die ouditproses word 'n brief aan elke munisipaliteit gestuur waarin hulle nie-nakoming aangespreek word. 'n Omvattende aksieplan word van die munisipaliteite geëis, waarin hulle moet aandui hoe en teen watter datums hulle die nie-nakomings gaan regstel.

4. AfriForum-takke moet deelneem aan die openbaredeelnameproses van munisipaliteite se geïntegreerde ontwikkelingsplan (GOP) om te verseker dat die papierspoor ten opsigte van vullisbestuurkwessies so volledig en deeglik as moontlik is. Die GOP-proses bied die geleentheid om te verseker dat die betrokke munisipaliteite in hul komende finansiële jaar voldoende begroot om in die gemeenskap se vullisbestuursbehoeftes te kan voorsien.

5. Indien bewyse van omgewingsbesoedeling bestaan wat voortvloei uit die oudit se nie-nakomingsbevindings en munisipaliteite steeds versuim om die kwessies op te los ten spyte daarvan dat die kwessies aan hulle uitgewys is, bestaan die moontlikheid dat strafregtelike klagtes teen die verantwoordelike munisipale amptenare gelê kan word.

6. Die 2025-vullisterreinouditverslag sal aan die DBVO se direkteur-generaal vir vullisbestuur oorhandig word vir verdere bespreking en samewerking.



*Met 'n nakomingspunt van 0% is Hartswater se munisipale vullisterrein in die Noord-Kaap die toonbeeld van onverantwoordelike vullisterreinbestuur: Geen toegangsbeheer of inspeksie van vullis wat gestort word vind plaas nie, en die onwettige storting van bande en karkasse is waargeneem. Met geen werkende masjinerie of personeel teenwoordig om 'n bedryfsplan uit te voer nie, word vullis nie gekompakteer of met grond bedek nie, die wind waai vullis en die rook van brandende vullis na naburige woongebiede, en die terrein word deur informele herwinners beset.*

## Volhoubare oplossings

Die krisis wat op Suid-Afrika se vullisterreine afspeel spruit in wese uit swak bestuur. Afvalbestuur is volgens Suid-Afrika se Grondwet 'n diens wat deur munisipaliteite gelewer moet word. Weens wanbestuur en 'n gebrek aan verantwoordbaarheid wanneer amptenare nie hul verpligtinge nakom nie, misluk munisipaliteite klaaglik in die uitvoering van hierdie taak. Dié wanbestuur sluit in die aanstelling van onbevoegde personeel, wanbesteding van fondse, verwaarlosing van infrastruktuur en 'n gebrek aan deurlopende monitering om vroegtydig voorkomende stappe te doen.

Daarom glo AfriForum dat die volhoubare verbetering van vullisterreinbestuur bepaal sal word deur die volgende:

- Die streng afdwinging van wetgewing op alle vullisterreine – munisipaal en privaat – om aanspreeklikheid vir nie-nakoming te verseker en sodat remediërende stappe betyds gedoen kan word.
- Die ontwikkeling van aansporingsmeganismes om herwinbare afval weg vanaf vullisterreine te herlei, sodat oorblywende vullisterreinspasie optimaal benut sal word en omdat dit nie kostedoeltreffend is om vullis oor lang afstande te vervoer nie.
- Die erkenning van gemeenskappe se behoeftes betreffende gebrekkige munisipale vullisbestuur, omdat ondoeltreffende dienslewering aan die een kant bydra tot onwettige storting en aan die ander kant wetsgehoorsame burgers wat van alternatiewe betaalde dienste gebruik maak, onregverdig finansieel straf.
- Die prioritisering van werkbare openbare/privaat-vennootskappe om munisipaliteite se beperkte hulpbronne meer doeltreffend aan te wend.

Die sleutelmeganismes wat die sukses van hierdie oplossings sal bepaal, lê volgens AfriForum in samewerking en gemeenskapselfstandigheid.

### *Samewerking*

AfriForum glo dat gemeenskappe, munisipaliteite en die betrokke departemente kan saamwerk om hierdie belangrike kwessie op te los en 'n veilige en gesonde omgewing vir almal in Suid-Afrika te verseker.

Sonder om die wiel te herontdek, kan die privaat diensverskaffers se ervaring, kundigheid en bewese rekord van voldoening aan wetlike vereistes help om vullisterreine effektief te bedryf en te bestuur. Dit bevry munisipaliteite se beperkte hulpbronne, terwyl dit vir die publiek beter en meer kostedoeltreffende dienste beteken. Munisipaliteite sal steeds as reguleerder optree om te verseker dat wetlike vereistes nagekom word. Deur middel van boetes en aansporingsmeganismes kan munisipaliteite toesien dat privaat diensverskaffers vullisterreine optimaal bedryf.

Die meganisme wat hiervoor voorgestaan word, is ’n openbare/privaat-vennootskap (OPV). ’n OPV is ’n langtermynooreenkoms tussen ’n staatsinstansie soos ’n munisipaliteit en ’n privaat entiteit, wat in die meeste gevalle ’n geregistreerde maatskappy is. OPV’s het ten doel om finansiële en operasionele risiko’s tussen staatsinstansies en die privaat sektor te verdeel, terwyl albei baat by die voordele daarvan.

### ***Gemeenskapselfstandigheid***

AfriForum streef na en is verbind tot regeringsonafhanklike oplossings en die privatisering van vullisverwyderingsdienste en vullisterreinbestuur, omdat gemeenskappe al hoe meer vir hierdie dienste moet opdok, terwyl dit dikwels nie gelewer word nie. AfriForum speel ’n toenemend belangrike rol om gemeenskappe in staat te stel om hulself teen swak staatsdienslewering te beskerm. Dit word vermag deur proaktiewe oplossings te vind vir die buitengewone uitdagings wat ons rondom die volhoubare bestuur van vullis in die gesig staar.

Só het AfriForum reeds sy eie vullisverwyderingsdiens in Bloemfontein op die been gebring, wat al sedert 2021 ’n volhoubare diens aan inwoners lewer en onlangs ’n hupstoot gekry het met die aanskaffing van sy eie vullisverwyderingsvragmotor om nóg meer vullis te verwyder.

Herwinningsprojekte wat AfriForum-takke in hulle gemeenskape, by skole en ondernemings aanpak, speel ’n belangrike rol in die vermindering van vullis wat op vullisterreine beland. ’n Tweebeenstrategie waardeur sortering van herwinbare materiale by die bron (deur byvoorbeeld huishoudings) sowel as by die herwinningsterrein onderneem word, help om die ernstige bestaande druk op veral munisipale vullisterreine te verlig. Voorts bou AfriForum volstoom aan ’n privaat herwinningsdiens, wat reeds groot sukses in Groenkloof en Centurion in Pretoria behaal het.



# Samevatting

Met slegs 22% van vullisterreine wat in 2025 aan 80% of meer van die ouditvereistes voldoen, bevestig AfriForum se ouditresultate opnuut dat Suid-Afrika 'n vullisterreinkrisis in die gesig staar – 'n krisis wat dui op swak munisipale bestuur.

Dieselfde kommerwekkende bevindings word jaar ná jaar gemaak, en talle gesprekke word telkens met die betrokke munisipaliteite en die DBVO gevoer om beter samewerking te bespreek, om uitdagings en oplossings te identifiseer en om vullisterreine reg te ruk. Tog werp dit weinig vrugte af. Ongelukkig is die werklikheid dat die meeste munisipaliteite nie die wil en/of kennis het om vullisterreine te bestuur nie.

Die swak bestuur van munisipale vullisterreine het reeds ernstige implikasies in Gauteng, waar die drie metro's (Johannesburg, Tshwane en Ekurhuleni) se 13 aktiewe munisipale vullisterreine gemiddeld oor net minder as vier jaar hul maksimum kapasiteit sal bereik. Indien hierdie probleme nie dringend aangespreek word nie, kan dit tot 'n algehele ineenstorting van afvalbestuur lei.

AfriForum sal onverpoos voortgaan om deur sy monitering van vullisterreine druk op munisipaliteite toe te pas om beter vullisterreinbestuur te bewerkstellig. Alternatiewe vir behoorlike afvalbestuur in Suid-Afrika word ook ondersoek en AfriForum glo dat die sleutel tot volhoubare oplossings lê in samewerking met gemeenskappe en die bevordering van gemeenskapselfstandigheid. AfriForum se vullisverwyderingsdiens in Bloemfontein en herwinningsdiens in Pretoria wat reeds groot sukses behaal het, dien as bewys dat hierdie buitengewone uitdagings op 'n volhoubare wyse opgelos kan word.



*'n Toeganklike oorlaaistasie, soos dié in Mosselbaai in die Wes-Kaap, kan help om onwettige vullisstorting te ontmoedig.*

# Bylaag A: Ouditeellings van elke vullisterrein wat geoudit is

Sleutel:

| | |
|---|---|
| Vullisterrein met permit | |
| Vullisterrein sonder permit | |
| Privaat vullisterrein | |
| Oorlaaistasie | |

*Tabel 3: Vullisterreinnakomingspunte per provinsie vir die tydperk 2021–2025*

| GAUTENG | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Naam van tak/vullisterrein** | **Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling** | **Lisensienommer** | **Nakoming (%)** | | | | |
| | | | **2021** | **2022** | **2023** | **2024** | **2025** |
| Alberton – Platkop | Ekurhuleni-metro | 33/2/2/321/1450 | 96 | 100 | Toegang geweier | 98 | 100 |
| Boksburg – Rooikraal | Ekurhuleni-metro | 16/2/7/c221/D24/21/P512 | Onder konstruksie | Onder konstruksie | Toegang geweier | Toe tydens besoek | 98 |
| Brakpan – Weltevreden | Ekurhuleni-metro | B33/2/321/172/P137 | 94 | 94 | Terrein te gevaarlik | 74 | - |
| Bronkhorstspruit | Tshwane-metro | B33/2/220/116 | 64 | 82 | 70 | 74 | 66 |
| Carletonville | Merafong City PM | 16/2/7/C231/D004/Z1/P415 | 94 | 80 | 78 | 88 | - |
| Fochville-oorlaaistasie | Merafong City PM | - | - | - | - | - | - |
| Ga-Rankuwa | Tshwane-metro | 16/2/7/A230/D9/Z3/P489 | 72 | 72 | 59 | 66 | 60 |
| Germiston – Simmer & Jack | Ekurhuleni-metro | B33/2/0322/494/P223 | 94 | 94 | Toegang geweier | 80 | - |
| Kempton Park – Chloorkop | Ekurhuleni-metro | - | Gerehabiliteer | Gerehabiliteer | Gerehabiliteer | Gerehabiliteer | Gerehabiliteer |
| Krugersdorp – Luipaardsvlei | Mogale City PM | Gaut 002/10-11/W0054 & Gaut 006/12-13/W0005 | - | - | 72 | 90 | - |
| Meyerton | Midvaal PM [1] | 002/12-13/W0001 | 98 | 92 | - | 82 | Gesluit |
| Pretoria – Bon Accord | The Waste Group | B33/2/123/154/P191 | 86 | 92 | 86 | 94 | 96 |
| Pretoria – Hatherley | Tshwane-metro | B33/2/123/88/P215 | 84 | 70 | 41 | 68 | 68 |
| Pretoria – Mooiplaats | The Waste Group | 16/2/7/A230/154/21/p311 | 98 | 98 | 94 | 98 | 100 |

## GAUTENG

| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 | 2025 |
| Pretoria – Onderstepoort | Tshwane-metro | B33/2/123/7/P6 | Gesluit | Gesluit | Gerehabiliteer | Gerehabiliteer | Gerehabiliteer |
| Randfontein | Rand West City PM | B33/2/323/34/P12 & 12/9/11/L68331/3 | 4 | 4 | 16 | 64 | - |
| Roodepoort | Johannesburg-metro | 16/2/7/C221/D11/Z3/P65 & B33/2/121/53/P65 | Toe tydens besoek | 86 | 84 | 78 | - |
| Soshanguve | Tshwane-metro | B33/2/123/101/P43 | 94 | 94 | 74 | 66 | 72 |
| Springs – Rietfontein | Ekurhuleni-metro | 16/2/7/C221/D494/P275 | Onder konstruksie | 94 | Toegang geweier | Toe tydens besoek | 96 |
| Vanderbijlpark – Boitshepi | Emfuleni PM | 006/15-16/W0005- | 12 | 34 | 18 | Gesluit | Gesluit |
| Vereeniging – Waldrift | Emfuleni PM | 006/15-16/W0004 | 24 | 34 | Gesluit | Gesluit | Gesluit |
| Westonaria – Libanon | Rand West City PM | 16/2/7/C231/D21/Z | 18 | 30 | Toe tydens besoek | 42 | - |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Aantal terreine geoudit | 15 | 17 | 11 | 15 | 9 |
| Aantal terreine voldoen | 9 | 11 | 3 | 7 | 5 |
| Aantal terreine nie voldoen | 6 | 6 | 8 | 8 | 4 |
| Totale punte | 1 032 | 1 250 | 692 | 1 162 | 756 |
| Gemiddelde nakoming (%) | 68,8 | 73,5 | 62,9 | 77,5 | 84,0 |
| Notas: | 1. Die Midvaal PM beskik tans oor geen operasionele munisipale vullisterreine nie. | | | | |

## KWAZULU-NATAL

| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 | 2025 |
| Amanzimtoti (eManzimtoti) – Seadoone-oorlaaistasie | eThekwini-metro | - | - | - | 76 | 60 | 98 |
| Dundee – Glencoe | Endumeni PM | 12/9/11/L51/4 | - | - | 74 | 72 | 72 |
| Hluhluwe | Big 5 Hlabisa PM | - | 12 | - | 28 | 30 | 14 |
| Margate | Ray Nkonyeni PM | 16/2/7/T402/DS/Z1/P26/A1 | 72 | 58 | 60 | 30 | 66 |
| Newcastle [1] | Newcastle PM | B33/2/2010/8/P138 | 84 | 52 | 30 | 22 | 22 |
| Paulpietersburg | eDumbe PM | - | 10 | 8 | 26 | 16 | 30 |
| Pongola | uPhongolo PM | DC26/WML/0001/2014 | 28 | 42 | 70 | 28 | 32 |
| Richardsbaai – Empangeni | uMhlathuze PM | B33/2/2112/006/P245 | 60 | 100 | 100 | 98 | 88 |
| Utrecht [2] | eMadlangeni PM | 16/2/7/V301/D3/Z1/P258 | 30 | 16 | 36 | 34 | 28 |
| Vryheid | AbaQulusi PM | - | 2 | 0 | 0 | 32 | 10 |

| | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 | 2025 |
|---|---|---|---|---|---|
| Aantal terreine geoudit | 8 | 7 | 10 | 10 | 10 |
| Aantal terreine voldoen | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 |
| Aantal terreine nie voldoen | 7 | 6 | 9 | 9 | 8 |
| Totale punte | 298 | 276 | 500 | 422 | 460 |
| Gemiddelde nakoming (%) | 37,3 | 39,4 | 50,0 | 42,2 | 46,0 |

Notas:
1. Terrein se kapasiteit is bereik, maar dit is steeds operasioneel.
2. Terrein gesluit, maar is steeds operasioneel.

## LIMPOPO

| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 | 2025 |
| Ellisras (Lephalale) | Lephalale PM | - | 16 | 18 | 82 | 42 | 64 |
| Groblersdal | Elias Motsoaledi PM | 12/4//10-B/10M2 | 66 | 66 | 73 | 74 | 60 |
| Hoedspruit (Maruleng) | Maruleng PM | 12/9/11/L207/5 | 12 | 14 | 28 | 28 | 54 |
| Marble Hall | Ephraim Mogale PM | 16/2/7/B300/D58/ZI/P261 | 72 | 80 | 61 | 66 | 70 |
| Messina (Musina) | Musina PM | 12/4/10/8/B/8N4 | - | 66 | 20 | 78 | 78 |
| Naboomspruit (Mookgophong) | Modimolle-Mookgophong PM | 16/2/7/A600/D7/Z2/P399 | 12 | 28 | 24 | 8 | 0 |
| Nylstroom (Modimolle) | Modimolle-Mookgophong PM | 16/2/7/A600/D2/Z1/P380 | 4 | 6 | 22 | 4 | 0 |
| Phalaborwa | Ba-Phalaborwa PM | 16/2/7/B700/016/21/P276 | 64 | 72 | 60 | 18 | 6 |
| Pietersburg (Polokwane) | Polokwane PM | 16/2/7/A700/D3/Z2/P319 | - | 74 | 50 | 56 | 58 |
| Potgietersrus (Mokopane) | Mogalakwena PM | 16/2/7/A600/C27/Z3/A1 | - | 50 | 0 | 40 | 40 |
| Roedtan | Modimolle-Mookgophong PM | 16/2/7/A600/D23/Z1/P262 | 0 | 4 | 0 | 0 | 0 |
| Thabazimbi | Thabazimbi PM | 16/2/7/A240/D4/Z1/P345 | 4 | 4 | 17 | 14 | 0 |
| Tzaneen | Greater Tzaneen PM | 16/2/7/B800/D2/Z23/1/P501 | 100 | 88 | 90 | 88 | 82 |
| Warmbad (Bela-Bela) | Bela-Bela PM | B33/2/123/3 | 36 | 30 | 68 | 42 | 56 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Aantal terreine geoudit | 11 | 14 | 14 | 14 | 14 |
| Aantal terreine voldoen | 1 | 2 | 2 | 1 | 1 |
| Aantal terreine nie voldoen | 10 | 12 | 12 | 13 | 13 |
| Totale punte | 386 | 600 | 595 | 558 | 568 |
| Gemiddelde nakoming (%) | 35,1 | 42,9 | 42,5 | 39,9 | 40,6 |

## MPUMALANGA

| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 | 2025 |
| Barberton | Mbombela PM | B33/2/10960/P131 | 70 | 48 | 50 | 56 | 54 |
| Belfast (eMakhazeni) | Emakhazeni PM | 12/9/11/P95 | 28 | 28 | 59 | 34 | 48 |
| Bethal | Govan Mbeki PM | 17/4/WL/MP/307/13/02 | 4 | 8 | 6 | 6 | 12 |
| Carolina | Albert Luthuli PM | 17/4/WL/MP301/12/02 | Gesluit | - | 82 | 54 | 74 |
| Delmas | Victor Khanye PM | B33/2/220/9/P218 | 38 | 22 | 15 | 56 | 36 |
| Dullstroom | Emakhazeni PM | 17/4/WL/MP314/14/01 | 16 | 12 | 0 | 6 | 2 |
| Ermelo | Msukaligwa PM | 16/2/7/C112/D1/Z1/P427 | 10 | 8 | 19 | 12 | 30 |
| Evander | Govan Mbeki PM | 17/4/WL/MP307/14/01 | 4 | Terrein te gevaarlik | Gesluit | Gesluit | 0 |
| Hendrina-oorlaaistasie | Steve Tshwete PM | - | - | - | - | 78 | 88 |
| Kinross | Govan Mbeki PM | 17/4/WL/MP/307/15/01 | 16 | 4 | 0 | 6 | 2 |
| Leandra (Thuli Fakude) | Govan Mbeki PM | - | 32 | 14 | 0 | 46 | 64 |
| Lydenburg (Mashishing) | Thaba Chweu PM | 12/9/11/L826/6 | 12 | 8 | 20 | 6 | 0 |
| Machadodorp (eNtokozweni) | Emakhazeni PM | 17/4/WL/MP314/14/02 | 8 | 6 | 4 | 4 | 0 |
| Middelburg | Steve Tshwete PM | 16/2/7/B10/D33/Z1/P412 | 64 | 74 | 60 | 54 | 32 |
| Middelburg – Dennesig-oorlaaistasie | Steve Tshwete PM | - | - | 68 | 42 | 72 | 70 |
| Morgenzon | Lekwa PM | 17/4/WL/MP307/15/03 | 0 | 2 | 0 | 0 | 0 |
| Nelspruit (Mbombela) | Mbombela PM | 12/9/11/P5 & 16/2/7/X205/D06/P130 | 90 | 72 | 64 | 70 | 68 |
| Piet Retief (eMkhondo) | Mkhondo PM | - | 38 | 48 | 22 | 36 | 66 |
| Secunda | Govan Mbeki PM | 17/4/WL/MP/307/13/01 | 26 | 4 | 8 | 10 | 40 |
| Standerton | Lekwa PM | 12/9/11/L109/6 | 18 | 12 | 14 | 26 | 60 |
| Volksrust | Dr. Pixley Ka Isaka Seme PM | B33/2/2030/12/P177 | 58 | - | 72 | 28 | 38 |
| Witbank (eMalahleni) | Emalahleni PM | B33/2/210/32/P136 | 44 | 24 | 42 | 46 | 38 |
| Witrivier-oorlaaistasie | Mbombela PM | 16N/2/7/x205/D06 | 60 | 76 | 24 | 94 | 86 |

| | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 | 2025 |
|---|---|---|---|---|---|
| Aantal terreine geoudit | 20 | 19 | 21 | 22 | 23 |
| Aantal terreine voldoen | 1 | 0 | 1 | 1 | 2 |
| Aantal terreine nie voldoen | 19 | 19 | 20 | 21 | 21 |
| Totale punte | 636 | 538 | 603 | 800 | 908 |
| Gemiddelde nakoming (%) | 31,8 | 28,3 | 28,7 | 36,4 | 39,5 |

| NOORD-KAAP | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | |
| | | | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 | 2025 |
| Britstown | Emthanjeni PM | - | - | - | - | 0 | 0 |
| De Aar | Emthanjeni PM | - | - | - | - | 0 | 6 |
| Deben | Gamagara PM | - | - | - | - | - | 2 |
| Delportshoop | Dikgatlong PM | - | - | - | 0 | 0 | 2 |
| Douglas | Siyancuma PM | - | 10 | 8 | 0 | 0 | 0 |
| Griekwastad | Siyancuma PM | - | - | - | - | - | 4 |
| Hanover | Emthanjeni PM | - | - | - | - | 0 | 0 |
| Hartswater | Phokwane PM | - | 42 | 20 | 6 | 6 | 0 |
| Hopetown | Thembelihle PM | - | 10 | 10 | 2 | 2 | 2 |
| Jan Kempdorp | Phokwane PM | - | 10 | 8 | 6 | 6 | 96 |
| Kakamas | Kai !Garib PM | B33/2/450/24/S/P160 | - | 10 | 4 | 12 | 0 |
| Kamieskroon | Kamiesberg PM | 16/2/7/F300/D8/Z1/P347 | 8 | 26 | 4 | 20 | 0 |
| Kathu | Gamagara PM | B33/2/4441/15/P116 | 12 | 18 | 48 | 24 | 4 |
| Keimoes | Kai !Garib PM | - | 2 | 2 | 0 | 0 | 0 |
| Kimberley | Sol Plaatje PM | 16/2/7/C901/D2/P265 | 70 | 32 | 36 | 36 | 54 |
| Kuruman | Ga-Segonyana PM | B33/2/441/9/P128 | 34 | 38 | 42 | 60 | - |
| Lennertsville | Kai !Garib PM | - | - | - | - | - | 0 |
| Orania | Orania Dorpsraad | NC/PIX/SIY/ORA/04/2016 | 82 | 90 | 76 | 76 | 82 |
| Pampierstad | Phokwane PM | - | - | - | - | - | 2 |
| Postmasburg | Tsantsabane PM | - | Toe tydens besoek | Toe tydens besoek | - | 2 | 2 |
| Prieska | Siyathemba PM | 16/2/7/D720/D1/Z1/P479 | 46 | 20 | 30 | 16 | 22 |
| Springbok | Nama Khoi PM | 16/2/7/F300/D9/21/P315 | 4 | 4 | 4 | 4 | 0 |
| Strydenburg | Thembelihle PM | - | - | 14 | - | 0 | 2 |
| Upington | Dawid Kruiper PM | - | 10 | 26 | 24 | 12 | 38 |
| Warrenton | Magareng PM | 12/9/11/P103 | 18 | 6 | 6 | 6 | 14 |
| Williston | Karoo Hoogland PM | - | 0 | 0 | 0 | 8 | 0 |

| | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 | 2025 |
|---|---|---|---|---|---|
| Aantal terreine geoudit | 15 | 17 | 17 | 22 | 25 |
| Aantal terreine voldoen | 1 | 1 | 0 | 0 | 2 |
| Aantal terreine nie voldoen | 14 | 16 | 17 | 22 | 23 |
| Totale punte | 358 | 332 | 288 | 290 | 332 |
| Gemiddelde nakoming (%) | 23,9 | 19,5 | 16,9 | 13,2 | 13,3 |

## NOORDWES

| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 | 2025 |
| Bloemhof | Lekwa-Teemane PM | NWP/WM/DR4/2011/11 | 32 | 26 | 6 | 6 | 8 |
| Brits – Hartbeesfontein | Madibeng PM | B33/2/0121/41/P81 | 16 | 58 | 84 | 88 | 88 |
| Christiana | Lekwa-Teemane PM | NWP/WM/DR4/2011/09 | 22 | 16 | 4 | 6 | 22 |
| Coligny | Ditsobotla PM | - | 0 | 0 | 0 | 0 | 14 |
| Delareyville | Tswaing PM | B33/2/330/44/P219 | 28 | 30 | 26 | 4 | 36 |
| Hartbeesfontein (Lethabong) | City of Matlosana PM | 16/2/7/C241/D3/P456 | - | 22 | 10 | 16 | - |
| Klerksdorp | City of Matlosana PM | 16/2/7/C241/D4Z2/P514 | 36 | 68 | 64 | 64 | 74 |
| Koster [1] | Kgetlengrivier PM | NWP/WM/BP5/2013/23 | 16 | 12 | 4 | 6 | 0 |
| Lichtenburg | Ditsobotla PM | B33/2/330/3/P58 | 4 | 6 | 6 | 4 | 0 |
| Mooinooi | Sibanye-Stillwater (Interwaste) | 16/2/7/A210/C29/Z1/P379<br>NWP/WM/BP2/2016/06 | 80 | 88 | 90 | 96 | 98 |
| Orkney-oorlaaistasie | City of Matlosana PM | 12/9/11/P59 | - | 14 | 4 | 0 | Terrein te gevaarlik |
| Ottosdal | Tswaing PM | NWP/WM/NM4/2012/11 | 40 | 36 | 16 | 8 | 18 |
| Potchefstroom-oorlaaistasie | Tlokwe PM | - | 10 | 28 | 84 | 84 | 56 |
| Potchefstroom – Felophepa | Tlokwe PM | 16/2/7/C231/D13/Z1/P | 46 | 82 | 98 | 52 | 50 |
| Rustenburg – Waterval | Rustenburg PM | NWP/WM/BP1/2011/02 | 86 | 82 | 92 | 100 | 96 |
| Sannieshof | Tswaing PM | NWP/WM/NM4/2012/09 | 28 | 36 | 18 | 8 | 32 |
| Schweizer-Reneke | Mamusa PM | NWP/WM/DR6/2012/22 (Variasie van WML NWP/ WM/DR6/2012/22) | 16 | 22 | 20 | 20 | 6 |
| Stella | Naledi PM | NWP/WM/DR1/2013/16 | 24 | 34 | 26 | 28 | 18 |
| Swartruggens | Kgetlengrivier PM | - | 0 | 2 | 4 | 2 | 8 |
| Ventersdorp | JB Marks PM | - | 6 | 0 | 0 | 12 | 8 |
| Vryburg | Naledi PM | NWP/WM/DR1/2009/01 | 58 | 52 | 50 | 48 | 74 |
| Wolmaransstad [2] | Maquassi Hills PM | B33/2/330/19/P166 | 4 | 4 | 4 | 14 | 28 |
| Zeerust | Ramotshere Moiloa PM | B33/2/130/7/P214 | 38 | 30 | 32 | 34 | 16 |

| | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 | 2025 |
|---|---|---|---|---|---|
| Aantal terreine geoudit | 21 | 23 | 23 | 23 | 21 |
| Aantal terreine voldoen | 2 | 3 | 5 | 4 | 3 |
| Aantal terreine nie voldoen | 19 | 20 | 18 | 19 | 18 |
| Totale punte | 590 | 748 | 742 | 700 | 750 |
| Gemiddelde nakoming (%) | 28,1 | 32,5 | 32,3 | 30,4 | 35,7 |
| Notas: | 1 & 2. Moet gesluit en gerehabiliteer word. | | | | |

## OOS-KAAP

| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 | 2025 |
| Aliwal-Noord (Maletswai) [1] | Maletswai PM | 12/9/11/P131 | 56 | 26 | - | 16 | - |
| Cradock (Nxuba) | Inxuba Yethemba PM | B33/2/1000/33/P122 | 10 | 32 | 52 | 90 | 86 |
| Elliot | Sakhisizwe PM | - | 0 | 0 | 22 | 2 | - |
| Hankey | Kouga PM | BB33/2/1100/5/P209 | 42 | 30 | 20 | 44 | 42 |
| Humansdorp | Kouga PM | 12/9/17/P53 | 68 | - | 74 | 72 | 80 |
| Port Elizabeth (Gqeberha) – Arlington | Nelson Mandelabaai-metro | 16/2/7/M200/D1/21/P278 | 62 | 78 | 98 | 76 | 48 |
| Uitenhage (Kariega) – Gillespiestraat-oorlaaistasie | Nelson Mandelabaai-metro | 12/9/11/L92/1 | - | - | - | 28 | 46 |
| Uitenhage (Kariega) – Hillwacht-oorlaaistasie | Nelson Mandelabaai-metro | - | - | - | - | 2 | 44 |
| Uitenhage (Kariega) – Koedoeskloof | Nelson Mandelabaai-metro | B33/22/1200/7/P37 | 36 | 38 | 80 | 48 | - |
| Uitenhage (Kariega) – Rosedale-oorlaaistasie | Nelson Mandelabaai-metro | - | - | - | - | - | 40 |
| Oos-Londen – Roundhill | Buffalo City-metro | - | - | - | 64 | 84 | 100 |

| | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 | 2025 |
|---|---|---|---|---|---|
| Aantal terreine geoudit | 7 | 6 | 7 | 10 | 8 |
| Aantal terreine voldoen | 0 | 0 | 2 | 2 | 3 |
| Aantal terreine nie voldoen | 7 | 6 | 5 | 8 | 5 |
| Totale punte | 274 | 204 | 410 | 462 | 486 |
| Gemiddelde nakoming (%) | 39,1 | 34,0 | 58,6 | 46,2 | 60,8 |
| Notas: | 1. Terrein moes al gesluit het; kapasiteit reeds oorskry. | | | | |

## VRYSTAAT

| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 | 2025 |
| Allanridge | Matjhabeng PM | - | 4 | 0 | 16 | 4 | - |
| Bethlehem | Dihlabeng PM | 12/9/11/L98/2 & WM-L/1B/03/2010 | 32 | 18 | 28 | 22 | 44 |
| Bloemfontein-Noord | Mangaung-metro | 16/2/7/C522/D1/Z2/P478 | 22 | 12 | 32 | 18 | 18 |
| Bloemfontein-Suid | Mangaung-metro | B33/2/350/2/P162 | 28 | 28 | 30 | 18 | 30 |
| Boshof | Tokologo PM | WML/BAR/11/2014 | 14 | 20 | 30 | 4 | 12 |
| Bothaville | Nala PM | 16/2/7/C604/D1/Z1/P340 | 4 | 10 | 4 | 6 | 4 |
| Brandfort | Masilonyana PM | - | 34 | 12 | 14 | 14 | - |
| Bultfontein | Tswelopele PM | WML/BAR/07/2014 | 28 | 24 | 28 | 20 | 24 |
| Dealesville | Tokologo PM | 12/9/11/L886/2 | 38 | 24 | 24 | 4 | 12 |
| Deneysville | Metsimaholo PM | - | - | - | 4 | 2 | 2 |
| Frankfort | Mafube PM | 16/2/7/E304/C11/Z1/P342 | 0 | 0 | 0 | 6 | 8 |
| Harrismith | Maluti-A-Phofung PM | 16/2/7/C801/D2/Z1/P333 & 16/2/7/C801/D2/Z2/P343 | 24 | 24 | 22 | 4 | 6 |
| Heilbron | Ngwathe PM | - | 2 | 0 | 2 | 4 | 8 |
| Hennenman | Matjhbeng PM | - | 0 | 0 | 8 | 2 | 0 |
| Hertzogville | Tokologo PM | - | - | - | - | 14 | 38 |
| Kroonstad | Moqhaka PM | B33/2/360/1/P36 | 14 | 16 | 20 | 42 | 18 |
| Odendaalsrus | Matjhabeng PM | B33/2/325/6/P108 | 52 | 20 | 50 | 14 | - |
| Parys | Ngwathe PM | 16/2/7/C233//D1/Z1/P336 | 10 | 20 | 6 | 10 | 8 |
| Reitz | Nketoana PM | 16/2/7/C805/D4/721/P341 | 14 | 14 | 8 | 0 | 4 |
| Sasolburg | Metsimaholo PM | 12/9/11/L1905Z215440712 | 14 | 20 | 12 | 12 | 12 |
| Sasolburg – Vaalpark-oorlaaistasie | Metsimaholo PM | - | - | - | 78 | 72 | 86 |
| Senekal | Setsoto PM | B33/2/340/16/P221 | 18 | 14 | 22 | 8 | 6 |
| Steynsrus | Moqhaka PM | B33/2/340/88/P112 | 10 | 8 | 22 | Terrein te gevaarlik | 42 |
| Theunissen | Masilonyana PM | 16/2/7/C402/D3/Z1/P339 | 12 | 4 | 14 | 10 | - |
| Viljoenskroon | Moqhaka PM | - | - | 4 | 8 | 16 | 4 |

## VRYSTAAT

| Name of branch/landfill site | Municipality/responsible entity | Licence number | Compliance (%) | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 | 2025 |
| Welkom | Matjhabeng PM | B33/2/340/32/P85 | 48 | 36 | 14 | 8 | 8 |
| Winburg | Masilonyana PM | B33/2/340/20/P48 | 32 | 6 | 4 | 30 | - |
| Zastron | Mohokare PM | - | - | - | 0 | 0 | - |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Aantal terreine geoudit | 23 | 24 | 27 | 27 | 22 |
| Aantal terreine voldoen | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 |
| Aantal terreine nie voldoen | 23 | 24 | 27 | 27 | 21 |
| Totale punte | 454 | 334 | 500 | 364 | 394 |
| Gemiddelde nakoming (%) | 19,7 | 13,9 | 18,5 | 13,5 | 17,9 |

| WES-KAAP | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | |
| | | | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 | 2025 |
| Albertinia | Hessekwa PM | 19/2/5/4/D5/1/WL0081/18 (Variasie van WMLs 19/2/5/1/D5/1/WL0057/14) | - | - | 90 | 70 | 82 |
| Ashton | Langeberg PM | 19/2/5/2/B1/2/WL0152/18 | - | - | - | - | 16 |
| Bellville | Kaapstad-metro [1] | 19/2/5/4/A5/6/WL0050/12 & B33/2/720/213/P201 | 96 | 90 | Gesluit | Gesluit | Gerehabiliteer |
| Bitterfontein | Matzikama PM | 19/2/5/4/F3/2/WL0005/18 (Variasie van WML 19/2/5/1/F3/2/WL0025/14) | 30 | 20 | 22 | 6 | 20 |
| Bredasdorp | Kaap Agulhas PM | 16/2/7/G501/D1/Z1/P329 | 42 | 36 | 30 | 62 | 82 |
| Clanwilliam | Cederberg PM | 19/2/5/4/F2/4/WL0007/18 (Variasie van WMLs 19/2/5/1/F2/4/WL0050/14) | - | - | 30 | 52 | 78 |
| De Doorns | Breedevallei PM | 19/2/5/4/B2/3/WL0041/18 (Variasie van WML 19/2/5/1/B2/3/WL0026/14) | 30 | 18 | 32 | 32 | 4 |
| Gansbaai | Overstrand PM | 16/2/7/G400/D24/21/P335 | 84 | 82 | 100 | 100 | 100 |
| George – Gwaing | George PM | WL0683/4 | 44 | - | 48 | 48 | 84 |
| Gordonsbaai-oorlaaistasie | Kaapstad-metro | E13/2/10/1-A3/193-DWLT404/10 | 96 | 98 | 100 | 96 | 100 |
| Gouritsmond | Hessekwa PM | 19/2/5/4/D5/4/WL0084/18 | - | - | - | 74 | 76 |
| Heidelberg | Hessekwa PM | - | - | - | - | 56 | 64 |
| Hermanus | Overstrand PM | 16/2/7/G501/D3/Z3/P374 | 88 | 94 | 100 | 98 | 100 |
| Jongensfontein | Hessekwa PM | 19/2/5/4/D5/18/WL0085/18 | - | - | - | 60 | 26 |
| Klawer | Matzikama PM | 19/2/5/4/F3/6/WL0042/19 | 26 | 20 | - | 6 | 0 |
| Kleinmond-oorlaaistasie | Overstrand PM | 16/2/7/G401/D21/Z2/P458 | - | - | - | - | 98 |
| Knysna – Old Place | Knysna PM | 19/2/5/4/D4/17/WL0205/19 | - | - | - | 12 | 4 |
| Knysna – Sedgefield-oorlaaistasie | Knysna PM | 19/2/5/1/D4/26/WL0058/12 | - | - | - | 22 | 42 |
| Langebaan-oorlaaistasie | Saldanhabaai PM | 19/2/5/1/F4/7/WL0043/15 | - | 92 | 100 | 100 | 100 |
| Lutzville | Matzikama PM | 19/2/5/4/F3/10/WL0006/18 | 12 | 14 | 16 | 0 | 10 |

## WES-KAAP

| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 | 2025 |
| Malmesbury – Highlands | Swartland PM | 19/2/5/4/F5/16/WL0030/18 (Variasie van WMLs B33/2/720/132/P67) | 98 | 92 | 96 | 100 | 100 |
| Malmesbury – Chatsworth [2] | Swartland PM | B33/2/900/3/5/P167 | 4 | Gesluit | Gesluit | Gesluit | Gesluit |
| Malmesbury – Kalbaskraal-oorlaaistasie [3] | Swartland PM | - | 80 | 88 | - | Gesluit | Gesluit |
| Montagu – Bessieskop [4] | Langeberg PM | - | - | - | - | - | 84 |
| Mosselbaai – Groot Brak | Mosselbaai PM | 19/2/5/4/D6/17/WL0065/18 (Variasie van WML19/2/5/1/ D6/17/WL0084/14) | 86 | 92 | 94 | 92 | 86 |
| Mosselbaai – Sonskynvallei-oorlaaistasie | Mosselbaai PM | EG13/2/10/1 - D6/17 - DWLT 002/09 | 88 | 92 | 92 | 84 | 80 |
| Nuwerus | Matzikama PM | 19/2/5/4/F3/13/WL0033/18 (Variasie van WMLs 19/2/5/1/F3/13/WL0118/12) | 20 | 24 | 14 | 6 | 14 |
| Oudtshoorn – Grootkop | Oudtshoorn PM | B33/2/900/3/5/P167 | 26 | 54 | 56 | 54 | 66 |
| Paarl-oorlaaistasie | Drakenstein PM | - | - | - | 98 | 96 | 100 |
| Riversdal | Hessekwa PM | 19/2/5/4/E3/10/WL0088/18 (Variasie van WMLs B33/2/800/106/S/P212) | 86 | 86 | 90 | 40 | 62 |
| Robertson-oorlaaistasie | Langeberg PM | B33/2/800/10/P20 | - | - | - | - | 78 |
| Slangrivier | Hessekwa PM | 19/2/5/4/E3/10/WL0088/18 | - | - | - | 70 | 80 |
| Stellenbosch | Stellenbosch PM | 16/2/7/G203/D16/21/P331 | 96 | 94 | 96 | 88 | 100 |
| Stilbaai | Hessekwa PM | 19/2/5/1/D/11/WL0060/14 | 88 | Toe tydens besoek | - | 70 | Gesluit |
| Swellendam | Swellendam PM | 19/2/5/4/E3/2/WL0076/18 (Variasie van WMLs B33/2/800/9/S/P171) | - | Toegang geweier | - | 60 | 88 |
| Vanrhynsdorp | Matzikama PM | 19/2/5/4/F3/16/WL0044/18 | 38 | 30 | 10 | 10 | 56 |
| Velddrif [5] | Bergrivier PM | 19/2/5/1/F1/14/WL0071/13 | 44 | 44 | - | Toe tydens besoek | Gesluit |
| Vredenburg | Saldanhabaai PM | 19/2/5/4/F4/23/WL0034/18 (Variasie van WMLs 19/2/5/1/F4/23/WL0050/16) | - | - | 94 | 100 | 100 |

## WES-KAAP

| Naam van tak/vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakoming (%) | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 | 2025 |
| Vredendal [6] | Matzikama PM | 19/2/5/4/F3/17/WL0032/18 | 32 | 46 | 22 | 20 | 40 |
| Wellington | Drakenstein PM | 19/2/5/4/B3/39/WL0109/17 (Variasie van WMLs E13/2/10/1-B3/36-WL0045/10) | 66 | 62 | 98 | 100 | 90 |
| Witsand | Hessekwa PM | 19/2/5/4/E3/10/WL0091/18 | - | - | - | 70 | 62 |
| Worcester | Breedevallei PM | 19/2/5/4/B2/32/WL0126/18 (Variasie van WMLs B33/2/800/12/P70) | 58 | 52 | 82 | 80 | 86 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Aantal terreine geoudit | 25 | 23 | 24 | 34 | 37 |
| Aantal terreine voldoen | 11 | 11 | 14 | 12 | 19 |
| Aantal terreine nie voldoen | 14 | 12 | 10 | 22 | 18 |
| Totale punte | 1 458 | 1 420 | 1 610 | 2 034 | 2 458 |
| Gemiddelde nakoming (%) | 58,3 | 61,7 | 67,1 | 59,8 | 66,4 |

Notas:

1. Kaapstad-metro se vullis gaan o.a. na die Vissershok-vullisterrein. AfriForum word nie daar toegelaat nie, omdat gevaarlike afval ook by hierdie terrein hanteer word.
2. Sedert die sluiting van die Chatsworth-vullisterrein word vullis na die Highlands-vullisterrein herlei.
3. Sedert die sluiting van die Kalbaskraal-oorlaaistasie word vullis na die Highlands-vullisterrein herlei.
4. Die Bessieskop-vullisterrein moes al in 2013 gesluit het nadat die terrein volle kapasiteit bereik het.
5. Sedert die sluiting van die Velddrif-vullisterrein word vullis na die Vredenburg-vullisterrein herlei.
6. ‘n Nuwe vullisterrein wat die streek sal bedien is tans onder konstruksie.

# Bylaag B: Voldoening en nie-voldoening aan ouditvereistes

*Tabel 4: Aantal vullisterreine, per provinsie, wat die oudit geslaag het (80% van die ouditvereistes nagekom)*

| Provinsie | Vullisterreine geoudit (aantal) | | | | | Voldoen (aantal terreine met ≥ 80%-voldoening aan minimum vereistes) | | | | | Voldoen nie (aantal terreine met < 80%-voldoening aan minimum vereistes) | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 | 2025 | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 | 2025 | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 | 2025 |
| Gauteng | 15 | 17 | 11 | 15 | 9 | 9 | 11 | 3 | 7 | 5 | 6 | 6 | 8 | 8 | 4 |
| KwaZulu-Natal | 8 | 7 | 10 | 10 | 10 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 7 | 6 | 9 | 9 | 8 |
| Limpopo | 11 | 14 | 14 | 14 | 14 | 1 | 2 | 2 | 1 | 1 | 10 | 12 | 12 | 13 | 13 |
| Mpumalanga | 20 | 19 | 21 | 22 | 23 | 1 | 0 | 1 | 1 | 2 | 19 | 19 | 20 | 21 | 21 |
| Noord-Kaap | 15 | 17 | 17 | 22 | 25 | 1 | 1 | 0 | 0 | 2 | 14 | 16 | 17 | 22 | 23 |
| Noordwes | 21 | 23 | 23 | 23 | 21 | 2 | 3 | 5 | 4 | 3 | 19 | 20 | 18 | 19 | 18 |
| Oos-Kaap | 7 | 6 | 7 | 10 | 8 | 0 | 0 | 2 | 2 | 3 | 7 | 6 | 5 | 8 | 5 |
| Vrystaat | 23 | 24 | 27 | 27 | 22 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 23 | 24 | 27 | 27 | 21 |
| Wes-Kaap | 25 | 23 | 24 | 34 | 37 | 11 | 11 | 14 | 12 | 19 | 14 | 12 | 10 | 22 | 18 |
| Nasionale totaal | 145 | 150 | 154 | 177 | 169 | 26 | 29 | 28 | 28 | 38 | 119 | 121 | 126 | 149 | 131 |

AfriForum

# MUNISIPALEVULLISTERREIN-OUDITVERSLAG

2025